

Dinsdag 8 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:1-6

Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:2

Leef die waarheid in liefde

Die waarheid maak seer ... Die liefde bedek alles ... Na wie luister jy? Na gelang van omstandighede gaan een van hierdie twee idiome jou pas. As mens iemand op sy plek wil sit, is dit gemaklik om te sê die waarheid maak seer. As ek dalk self iets wil wegsteek, is dit gerieflik om my daarop te beroep dat die liefde alles bedek.

Dit is egter nie waaroor Johannes skryf nie. Hy spreek dwaalleraars aan wat ontken dat Christus die Seun van God is. Hulle is niemand anders nie as die antichris. Hulle ontken ons Here se liefde en die verkondiging daarvan deur die Heilige Gees. Daarom kry ons al in vers 1 die opdrag om 'n ondersoek te doen of hulle gees van God afkomstig is. Ek behoort aan God en het die vals profete oorwin. Gevolglik leef ek die waarheid in liefde! Dit begin met die belydenis dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het. My optrede word bepaal op grond van my verhouding met Christus. Dit beteken dat ek die wêreld klaar oorwin het. Ek het afgereken met die vals profete wat Christus ontken. Ek kan met vrymoedigheid en vol hoop voor God verskyn. Hierdie waarheid maak seer as ek Christus nie erken nie. Maar omdat ek aan God behoort, luister ek na Hom. Ek leef die waarheid in liefde! Johannes hanteer waarheid en liefde as twee kante van dieselfde muntstuk. Waarheid sonder liefde sou wetties wees. Liefde sonder waarheid sou soetsap-pig en aangeplak wees. Dit is net ware volgelingen van Christus wat die waarheid in liefde kan leef. Dit is net moontlik as ek Jesus as die Christus bely. Dan leef ek die waarheid in liefde!

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)